# DRAMA GROEPE AFDELING
# DRAMA GROUP SECTION

| ALGEMENE REËLS EN BEPALINGS | GENERAL RULES & REGULATIONS |
|---|---|
| 1. Deelnemers wat nie die reëls en bepalings nakom nie word gediskwalifiseer.<br>2. Deelnemers mag nie meer as een keer aan dieselfde item deelneem nie.<br>3. Geen groep mag dieselfde werk vir twee agtereenvolgende jare aanbied nie.<br>4. Geen groep mag dieselfde werk vir twee VERSKILLENDE ITEMS aanbied nie bv. poësie en musiek en dan ook as deel van eksperimentele werk.<br>5. Spesifiseer aantal deelnemers.<br>6. **Tydsbeperking vir items soos aangedui in die sillabus mag nie oorskry word nie. Let asseblief daarop dat die opstelling en verwydering van u rekwisiete hierby ingesluit is. Beperk dus rekwisiete tot 'n minimum.**<br>7. ONVOOREREIDE GROEPE moet onder 'n **groepnaam** ingeskryf word.<br>8. VOORBEREIDE GROEPE moet onder 'n groepnaam/titel van stuk ingeskryf word.<br>9. 'n Groepvorm met alle deelnemername en grade moet by die afdelingshoof ingehandig word voor optrede op die dag van deelname. SLEGS vir **onvoorbereide groepe.**<br>10. VOORBERIEDE GROEPE hoef nie 'n groepvorm met name in te handig nie.<br>11. Wanneer 'n groep uit lede van verskillende grade bestaan, moet die groep onder die hoogste graad inskryf.<br>12. Items moet aangebied word soos daar in die sillabus bepaal word.<br>13. **Dit word ten sterkste ontmoedig dat deelnemers en groepe voorgesê of met gebare gelei word.**<br>**Hulle mag gepenaliseer word.**<br>14. **Klagtes moet binne 48 uur per e-pos aan die Bestuur gerig word.**<br>15. Selfone moet afgeskakel word tydens optredes. | 1. Failure to comply with the rules and regulations will result in disqualification.<br>2. Participants may not take part in the same item more than once.<br>3. No group may present the same work for two consecutive years.<br>4. No group may present the same work for two DIFFERENT ITEMS, eg poetry and music and then also as part of experimental work.<br>5. Specify number of participants.<br>6. **Time limits, as indicated in the syllabus, may not be exceeded. Kindly note that the setting up and removal of props are included in this time provision. It is advisable to limit props to a minimum.**<br>7. UNPREPARED GROUPS must be entered under a **group name.**<br>8. PREPARED GROUPS must be entered under a group name/title of the piece.<br>9. A group form with all participant names and grades must be handed in to the section head before performing on the day of participation. ONLY for **unprepared groups.**<br>10. PREPARED GROUPS need not hand in a group form with names.<br>11. When a group consists of participants of different grades, the group must enter under the highest grade.<br>12. Items must be presented as prescribed in the syllabus.<br>13. **It is not advisable at all for participants and groups to be led in words or gestures.**<br>**They may be penalised.**<br>14. **Complaints must be submitted per e-mail to the Committee within 48 hours.**<br>15. Cell phones must be switched off during performances. |

**Botsende datums en tye**

In uitsonderlike gevalle en alleenlik as dit die afdelingshoof en beoordelaars pas, sal deelnemers toegelaat word om optredes se datum en tyd te skuif. Hierdie is ‘n voorreg en nie ‘n reg nie.
Deelnemers sal slegs toegelaat word om 2 (twee) items te verskuif. Die reëling moet vroegtydig gemaak word.
**Items wat nie op die programdag en -tyd aangebied word nie, sal nie in aanmerking kom vir itemwenner nie.**

**Conflicting time tables**

In exceptional cases, and only with prior consent from the section head and adjudicator, will participants be allowed to move performing times. This is a privilege and not a right. Participants will only be allowed to move 2 (two) items.
**Items not performed on allocated day and time will not be considered for item winners.**

## INSKRYWINGSFOOIE / ENTRY FEES

| | |
|---|---|
| Samespraak – 2 persone | R 50.00 pp |
| Dialogue – 2 persons | R 50.00 pp |
| Groepe - 3 tot 15 | R 30.00 pp |
| Groups - 3 to 15 | R 30.00 pp |

Let wel: GEEN inskrywingsfooie is terugbetaalbaar nie.
Please note: NO entry fees are refundable.

**TOEGANGSFOOIE / ENTRANCE FEE**
R10 vir volwassenes
R10 for adults

**INSKRYWINGS:**
**ENTRIES:**

**Inskrywings word aanlyn gedoen by www.kemptonparkeisteddfod.co.za.**

**Please enter online at www.kemptonparkeisteddfod.co.za.**

## RIGLYNE VIR INSKRYWINGS

Lees asseblief die sillabus goed deur voordat u inskryf

1. Inskrywings word aanlyn gedoen by www.kemptonparkeisteddfod.co.za.
2. Die moeilikheidsgraad en inhoud van stukke moet gepas wees vir die ouderdomme van die deelnemers.

## GUIDELINES FOR ENTRIES

Please read the syllabus carefully before entering

1. Entries are done electronically at www.kemptonparkeisteddfod.co.za.
2. The level of difficulty and content of pieces must be appropriate for the ages of the participants.

**NEEM ASB KENNIS – GROEP INSKRYWINGS**
‘n Lys van die NAME en GRADE van ALLE deelnemers in ELKE onvoorbereide groep, asook die NAAM van die groep, MOET voor optrede by die afdelingshoof ingehandig word op die dag van deelname.

**PLEASE NOTE - GROUP ENTRIES**
A list of the NAMES and GRADES of ALL participants in EACH unprepared group, as well as the NAME of the group, MUST be handed in at the section head before performing on the day of participation.

**LET WEL: ‘n Groep bestaan uit 3 tot 15 deelnemers. Samespraak 2 deelnemers.**
**PLEASE NOTE: ‘n Group consists of 3 to 15 participants. Dialogue 2 participants.**

| GROEPWERK - VOORBEREID | |
|---|---|
| **ITEM NR** | **ITEM** |
| **DGV1** | Samespraak |
| **DGV2** | Storievertelling |
| **DGV3** | Gedramatiseerde Voordrag |
| **DGV4** | Voordragprogram |
| **DGV5** | Poësie en Musiek |
| **DGV6** | Bewegingsdrama |
| **DGV7** | Eksperimentele werk |
| **DGV8** | Voorbereide Mimiek |
| **DGV9** | Voorbereide Redenaars |

| GROEPWERK - ONVOORBEREID | |
|---|---|
| **ITEM NR** | **ITEM** |
| **DGO1** | Kreatiewe advertensie |
| **DGO2** | Improvisasie |
| **DGO3** | Storievertelling |
| **DGO4** | Oorspronklike Poësie |
| **DGO5** | Onvoorbereide Redenaars |
| **DGO6** | Onvoorbereide Mimiek |

| GROUP WORK - PREPARED | |
|---|---|
| **ITEM NR** | **ITEM** |
| **DGP1** | Dialogue |
| **DGP2** | Story Telling |
| **DGP3** | Dramatised Poetry |
| **DGP4** | Concert Program |
| **DGP5** | Poetry and Music |
| **DGP6** | Movement Drama |
| **DGP7** | Experimental Work |
| **DGP8** | Prepared Public Speaking |
| **DGP9** | Prepared Mime |

| GROUP WORK - UNPREPARED | |
|---|---|
| **ITEM NR** | **ITEM** |
| **DGU1** | Creative Advert |
| **DGU2** | Improvisation |
| **DGU3** | Story Telling |
| **DGU4** | Original Poetry |
| **DGU5** | Unprepared Public Speaking |
| **DGU6** | Unprepared Mime |

| TOEKENNINGS - AWARDS | | | |
|---|---|---|---|
| Prestige | A++ | 95 - 100% | Prestige |
| Diploma | A+ | 90 – 94% | Diploma |
| Platinum | A | 85 – 89% | Platinum |
| Goud | A- | 80 – 84% | Gold |
| Chroom | B+ | 75 – 79% | Chrome |
| Silwer | B | 70 – 74% | Silver |
| Brons | C | Onder/Under 70% | Bronze |

**A5 sertifikate sal gedruk word volgens die hoeveelheid soos gespesifiseer in die inskrywingsisteem**

**A5 certificates will be printed according to the quantity specified in the entry system**

**ITEM WENNERS**
Itemwenners sal toegeken word in die volgende kategorieë:
Voorbereid
Gr 1-3 Gr 4-7 Gr 8-9 Gr 10-12
Onvoorbereid
Gr 1-3 Gr 4-5 Gr 6-7 Gr 8-9 Gr 10-12

**ITEM WINNERS**
Item winners will be awarded in the following categories:
Prepared
Gr 1-3 Gr 4-7 Gr 8-9 Gr 10-12
Unprepared
Gr 1-3 Gr 4-5 Gr 6-7 Gr 8-9 Gr 10-12

Items kan slegs gewen word met toekennings in die A-reeks.
Items can only be won with awards in the A-series.

## GROEPWERK
## REËLS

1. Niemand sal toegelaat word om met deelnemer(s) in aanraking te kom terwyl hulle voorberei vir die onvoorbereide item(s) nie. Indien dit wel gebeur word die deelnemer(s) gediskwalifiseer.

2. **Tydsbeperkings en aantal deelnemers vir items soos aangedui in die sillabus mag nie oorskry word nie. Let asseblief daarop dat die opstelling en verwydering van u rekwisiete hierby ingesluit is. Beperk dus rekwisiete tot 'n minimum.**

3. Waar deelnemers van verskillende grade in een groep deelneem, word die groep onder die hoogste graad ingeskryf en beoordeling sal volgens die hoogste graad plaasvind.

4. Items moet aangebied word soos daar in die sillabus bepaal word.

5. 'n Deelnemer mag slegs een keer aan 'n betrokke item deelneem.

6. Inskrywings word aanlyn gedoen by www.kemptonparkeisteddfod.co.za.

7. Daar sal streng by voorbereidingstyd en opstel van rekwisiete gehou word. Geen ekstra tyd word toegelaat nie. Oorskryding van tyd mag ly tot penalisasie.

8. **Geen spesiale voorbereiding word deur die Eisteddfod ten opsigte van onder andere klank, klankefffekte, klankstelsels, beligting ens. gedoen nie. Deelnemers aanvaar die lokaal en fasiliteite soos dit beskikbaar gestel word.**

9. Alle werk moet in goeie smaak wees en gepas om aangehoor te word deur gehore van alle ouderdomme. Geen kru en vuil taal mag gebruik word nie.
   Die Bestuur behou die reg om enige ongepaste item te diskwalifiseer.

10. Onvoorbereide groepe moet onder 'n **groepsnaam** ingeskryf word en die aantal deelnemers in die groep mag nie vergroot nie. Name en grade van alle deelnemers by die onvoorbereide groepe moet verskaf word op die groepvorm wat voor optrede ingehandig moet word. Die vorm is op die webwerf beskikbaar.
    'n Groepvorm is NIE nodig by voorbereide groepe nie.

**BELANGRIK**

- Geen kougom word toegelaat tydens deelname nie.
- Swart drag moet asb netjies en gepas wees; dit behels hoë halslyne, toe magies en geen onderklere wat uitsteek nie. **Geen spanbroeke sonder rompe.**
- Geen fotos of videos mag geneem word nie.

| GROEPWERK - VOORBEREID | |
|---|---|
| **ITEM NR** | **BESKRYWING** |
| **DGV1** | **SAMESPRAAK**<br>‘n Voorstelling dramaties of komies deur twee persone. ‘n Gedeelte uit ‘n toneelstuk of ‘n verwerking uit ‘n prosastuk kan gebruik word. Deelnemers van verskillende grade mag saam optree. Beoordeling sal by die hoogste graad plaasvind.<br>Kostuums, dekor en byklanke mag gebruik word.<br>Tydsduur: 4 minute |
| **DGV2** | **STORIEVERTELLING**<br>‘n Volledige storie of uittreksel uit ‘n storie mag gebruik word, byvoorbeeld uit klassieke werke, legendes, volksverhale, fabels ensovoorts. Musiek en kostuums mag gebruik word. Gemotiveerde handgebare toegelaat. Tydsduur: Maksimum 10 minute Deelnemers: 3 - 15 |
| **DGV3** | **GEDRAMATISEERDE VOORDRAG**<br>Eie keuse<br>‘n Gedig of gedigte word om ‘n sentrale tema deur ‘n groep voorgedra. Gedigte kan op enige paslike manier gekoppel word (musiek, bewegings, inleidings of klankeffekte). Eenvoudige kostumering mag gebruik word.<br>Tydsduur: Maksimum 10 minute Deelnemers: 3 - 15 |
| **DGV4** | **VOORDRAGPROGRAM**<br>Die groep moet 'n program lewer met 'n deurlopende tema of verskeidenheid van een digter se werk. Gedigte moet met toepaslike gebare en bewegings uitgebeeld word, maar moenie die gesproke woord oorheers nie. Beperkte kostumering word toegelaat.<br>Geen gedig in enige van die ander items mag in hierdie item herhaal word nie.<br>Tydsduur: Gr 1 – 3 Maksimum 12 minute Deelnemers: 3 - 15<br>Gr 4 – 7 Maksimum 15 minute<br>Gr 8 – 12 Maksimum 15 minute<br>5 Minute sal toegelaat word vir opstel en verwydering van dekor en rekwisiete gesamentlik. |
| **DGV5** | **POËSIE EN MUSIEK**<br>Eie keuse<br>Gemotiveerde gebare en bewegings is toelaatbaar. Musiekinstrumente mag gebruik word om die woord te versterk. Eenvoudige kostumering mag gebruik word. Tydsduur: Maksimum 10 minute Deelnemers: 3 - 15 |
| **DGV6** | **BEWEGINGSDRAMA**<br>Eie keuse (nie ballet nie).<br>Bewegingsdrama kan gebaseer word op die ervaring en gevoelens wat ‘n spesifieke storie, gedig, lied ensovoorts uitbeeld. Musiek en byklanke kan gebruik word. Geen dialoog. Emosie en gemoedstoestande speel ‘n belangrike rol by die aanbieding van hierdie item. Kostuums, dekor en byklanke mag gebruik word.<br>Tydsduur: Maksimum 10 minute Deelnemers: 3 – 15 |

| | |
|---|---|
| **DGV7** | **EKSPERIMENTELE WERK**<br>Groepwerk met beweging en spraak.  Verskillende items moet om ‘n sentrale tema gebou word.  ‘n Verskeidenheid van items word in so ‘n aanbieding ingesluit, byvoorbeeld, dansdrama, sanginsetsels, gedramatiseerde spreekkoor en individuele items.  Werk kan uit die verskillende letterkunde genres kom byvoorbeeld, drama, poësie, prosa, ensovoorts.  Eindproduk moet egter gebalanseerd wees.  Oorspronklike, kreatiewe werk rondom ‘n tema is belangrik.  Bykomende effekte soos beligting, byklanke en musiek is toelaatbaar, maar mag nie die woord oorheers nie.  Beperkte kostumering is toelaatbaar.<br>Tydsduur: 5 - 10 minute            Deelnemers: 3 - 15 |
| **DGV8** | **VOORBEREIDE REDENAARS**<br>(Verkieslik skooldrag, andersins dramadrag)<br>Hierdie is ‘n oorredingstoespraak.  Nie ‘n praatjie of lesing nie.  U mag ‘n toespraak gebruik wat reeds deur ‘n ander instansie beoordeel is, maar u mag nie die beoordelaar met die uitslag konfronteer, indien die punte verskil van die vorige beoordeling nie.  Onthou beoordelaars verskil.<br>Pre -Primêr tot Graad 3: 5 minute<br>Graad 4 - 7: 7 minute<br>Graad 8 - 12: 10 minute |
| **DGV9** | **VOORBEREIDE MIMIEK**<br>Swart dramadrag (met rompe vir dogters).  Wit gesig en handskoene opsioneel.<br>Drama blokke of stoele mag gebruik word. Geen juwele.<br>Deelnemers word beoordeel op gebruik van ruimte en beweging.  Musiek mag gebruik word.<br>Geen spraak of rekwisiete mag gebruik word nie.<br>DIE WERK WAT HIER AANGEBIED WORD MAG NIE WEER BY DIE ENGELSE ITEM “GROUP MIME” HERHAAL WORD NIE, OOK NIE AS ONVOORBEREID BY DIE AFRIKAANSE OF ENGELSE AFDELINGS NIE.<br>Aantal deelnemers: 3 - 15<br>Tydsduur : 5 minute |

| GROEPWERK - ONVOORBEREID | |
|---|---|
| **ITEM NR** | **BESKRYWING** |
| **DGO1** | **KREATIEWE ADVERTENSIE**<br>Effe swart dramadrag. Geen props. Kaalvoet.<br>Minimum 3 deelnemers. Elke groep sal 10 minute voor die aanvang van die afdeling ‘n voorwerp/onderwerp vanaf die beoordelaar ontvang wat hulle dan moet adverteer bv. parfuum, poeier, ‘n rekenaar ens. Slegs dramadrag. Deelnemers moet kaalvoet wees.<br>Tydsduur: 1 minuut |
| **DGO2** | **IMPROVISASIE** (Voorbereiding: 10 minute)<br>Effe swart dramadrag. Geen props. Kaalvoet.<br>‘n Oorspronklike toneeltjie moet deur ‘n groep van minstens 3, maksimum 15, deelnemers aangebied word. Hier word gebruik gemaak van oorspronklike werk deur middel van spraak, gebare en beweging.<br>Tydsduur: 2 - 5 minute |
| **DGO3** | **STORIEVERTELLING**<br>Effe swart dramadrag. Geen props. Kaalvoet.<br>Onderwerp sal 10 minute voor optrede aan deelnemers verskaf word. Stemgebruik is uiters belangrik. Die storie moet gebou word deur ‘n interessante inleiding, klimaks en treffende slot. Gebare en beweging is nie toelaatbaar nie. Oorspronklike werk is van groot belang.<br>Deelnemers: 3 - 15<br>Tydsduur: maksimum 10 minute |
| **DGO4** | **OORSPRONKLIKE POëSIE**<br>Effe swart dramadrag. Geen props. Kaalvoet.<br>Deelnemers kry 10 minute om ‘n oorspronklike gedig te skryf. Poësie word deur deelnemers voorgelees.Bewegings en gebare is toelaatbaar.<br>Deelnemers: 3 – 15<br>Tydsduur: maksimum 5 minute |
| **DGO5** | **REDEVOERING**<br>Effe swart dramadrag. Geen props. Kaalvoet.<br>Die onderwerp sal 15 minute voor optrede aan die groep gegee word.<br>Tydsduur: Gr 1 – 3 1 – 3 minute<br>Gr 4 – 7 2 – 4 minute<br>Gr 8 – 12 3 – 5 minute |
| **DGO6** | **MIMIEK - ONVOORBEREID**<br>Effe swart dramadrag. Geen props. Kaalvoet.<br>Wit gesig en handskoene opsioneel. Drama blokke of stoele mag gebruik word. Geen juwele.<br>Deelnemers word beoordeel op gebruik van ruimte en beweging.<br>Geen spraak of rekwisiete mag gebruik word nie.<br>Onderwerp sal 10 minute voor optrede deur beoordelaar verskaf word.<br>Deelnemers: 3 - 15<br>Tydsduur: 2 - 5 minute |

**BELANGRIK**

- Geen kougom word toegelaat tydens deelname nie.
- Swart drag moet asb netjies en gepas wees; dit behels hoë halslyne, toe magies en geen onderklere wat uitsteek nie. **Geen spanbroeke sonder rompe**.
- Gedramatiseerde werke word kaalvoet aangebied.
- Geen fotos of videos mag geneem word nie.

**Om vir hierdie toekenning te kwalifiseer moet die groep in AL die items uit dieselfde deelnemers bestaan. Hierdie toekenning is slegs vir ONVOORBEREIDE groepe.**

## BESTE PRESTASIE - KLEIN GROEPE - AFRIKAANS

Gr 1 – 3 Gr 4 - 7 Gr 8 – 9 Gr 10 - 12

1. Die groep moet aan ten minste 3 items deelneem
2. Net die hoogste 3 persentasies sal tel
3. ‘n Ekstra punt sal toegeken word vir elkeen van **hierdie** items waar die groep die itemwenner was

## ALGEHELE WENNER - KLEIN GROEPE -AFRIKAANS

Gr 1 – 3 Gr 4 - 7 Gr 8 – 9 Gr 10 - 12

1. Die groep moet aan ten minste 3 items deelneem
2. Al die groep se items tel op ‘n glyskaal
3. A- 3 punte, A 5 punte, A+ 8 punte en A++ 10 punte
4. ‘n Ekstra punt sal toegeken word vir elkeen van **hierdie** items waar die groep die itemwenner was

Die bestuur behou die reg voor om groepindelings vir toekennings te wysig indien nodig.

## GROUP WORK
## RULES

1. Unprepared items: No one is allowed to help the participant(s) prepare for these item(s). Failure to comply with this rule will result in disqualification.

2. **Time limits and numbers of participants as indicated in the syllabus may not be exceeded. Kindly note that the setting up and removal of props are included in this time provision. It is advisable to limit props to a minimum.**

3. When a group consists of participants of different grades, the group must be entered under the highest grade and adjudication will be according to the highest grade.

4. Items must be presented as prescribed in the syllabus.

5. Participants may not perform in the same item more than once.

6. Entries are done online at www.kemptonparkeisteddfod.co.za.

7. Strict observance of preparation times will take place. No extra time will be permitted. Exceeding of time limits could result in penalization.

8. **No special provisions will be made by the Eisteddfod Society with regard to for example sound, sound effects, sound systems, lighting, special effects etc. Participants accept the venue and facilities as it is provided.**

9. All performances must be of good quality and taste and suitable for audiences of all ages. No foul language may be used.The Committee has the right to disqualify any unsuitable performance.

10. Unprepared groups must be entered under a **group name** and the number of participants in the group may not increase. Names and grades of all participants in unprepared groups must be supplied on the group form that must be handed in before performance. A group form is NOT required for prepared group items.

**IMPORTANT**

- No chewing gum is allowed while performing
- Drama clothes should be neat and appropriate; high necklines, no visible waistlines and no visible underwear. **No ski pants without skirts.**
- Dramatised work is presented barefoot.
- No photos or videos may be taken.

| GROUP WORK - PREPARED | |
|---|---|
| **ITEM NR** | **DESCRIPTION** |
| **DGP1** | **DIALOGUE**<br>A dramatized performance (comical or dramatical) by two people. A section of a play or an adaptation of a novel, or self written play may be used. Pupils from different grades are allowed to participate together. Enter under highest grade. Costumes, props and sound effects may be used.<br>Duration: 4 minutes |
| **DGP2** | **STORY TELLING**<br>The acted story may be a complete story, or an extract from any narrative source, for example, a novel, myths and legends, fables, folk tales or the oral tradition. Music and costumes may be used. Motivated hand gestures allowed. Duration: Maximum 10 minutes Participants: 3 – 15 |
| **DGP3** | **DRAMATISED POETRY – OWN CHOICE**<br>A poem or poems surrounding one central theme are performed by the group. Poems can be linked in any suitable manner (for example, movement, music, interludes, sound effects etc). Simple costumes may be used.<br>Duration: Maximum 10 minutes Participants: 3 – 15 |
| **DGP4** | **CONCERT PROGRAMME**<br>The group must present a program with a continuous theme or a variety of the work of one poet. Gesture and movement should be used but should not dominate the spoken word. Simple costumes may be used.<br>No poem that was used in any other item may be repeated here.<br>Duration: Gr 1–3 Maximum 12 minutes, Gr 4–7 Maximum15 minutes, Gr 8-12 Maximum 10 minutes Participants: 3 – 15 |
| **DGP5** | **POETRY AND MUSIC**<br>Own choice. Motivated gestures and movement are permitted. Musical instruments may be used. Simple costumes may be used.<br>Duration: Maximum10 minutes Participants: 3 – 15 |
| **DGP6** | **MOVEMENT DRAMA - OWN CHOICE (not ballet)**<br>Participants choose a theme, which they enact by using movement, music and sound effects only. No dialogue is allowed. The emphasis should be directed towards the experiences and emotions rather than events. Costumes, décor and sound effects may be used.<br>Duration: Maximum 10 minutes Participants: 3 - 15 |
| **DGP7** | **EXPERIMENTAL WORK**<br>A group presentation, based on a theme. These items may include any aspects of speech and/or drama (for example movement, music introductions, sound effects) but must include the spoken word. Work to consist of a variety of items, for example group mime, drama, dancing, song, dramatised choral verse, individual items. Original, creative work must be structured around a theme. Simple costumes, lighting, sound effects and music are allowed but must not be predominant. Duration: 5 -10 minutes |

| | |
|---|---|
| **DGP8** | **PREPARED PUBLIC SPEAKING**<br>(Preferably school uniform, otherwise drama clothes)<br>a. The participant will give an argumentative speech, stating his opinion for or against a subject. Own choice. This is a speech to convince, not a lecture. **OR**<br>b. The participant will give an informative speech. Own choice.<br><br>A speech that has previously been adjudicated may be used. The adjudicator may <u>not</u> be confronted if the outcome of the adjudication differs from previous adjudication. Remember, adjudicators and adjudication differs.<br>Pre - Primary – Grade 3: 5 minutes<br>Grade 4 - 7: 7 minutes<br>Grade 8 - 12: 10 minutes |
| **DGP9** | **MIME**<br>Black mime costume (with skirt for girls). White face make-up and gloves optional. Drama blocks and chairs may be used. No jewellery. Music may be used.<br>The participant will be judged on use of space and movement. No speech or props may be used.<br>Duration: 5 minutes Participants: 3 - 15<br>THE CHOICE OF WORK PRESENTED IN THIS ITEM MAY NOT BE PRESENTED AGAIN IN THE AFRIKAANS ITEM “GROEPMIMIEK”, OR AS UNPREPARED IN THE AFRIKAANS OR ENGLISH SECTION**.** |

| GROUP WORK - UNPREPARED | |
|---|---|
| **ITEM** | **DESCRIPTION** |
| **DGU1** | **CREATIVE ADVERT**<br>Plain black drama outfit. No props. Barefoot.<br>Minimum 3 participants. Participants will be given a topic10 minutes before presentation. Each group will be given a product or topic by the adjudicator which the group must then advertise eg. Make-up, soap powder, cell phone, etc.<br>Duration: 1 minute |
| **DGU2** | **IMPROVISATION** (Preparation: 10 minutes)<br>Plain black drama outfit. No props. Barefoot.<br>An original act must be performed by a group, consisting of minimum 3 and maximum 15 participants. In this item, participants must present original work through speech, gesture and movement.<br>Duration: 2 - 5 minutes Participants: 3 – 15 |
| **DGU3** | **STORY TELLING**<br>Plain black drama outfit. No props. Barefoot.<br>The group will be given a topic 10 minutes before presentation. Use of voice is extremely important. The story should have an introduction, climax and a suitable conclusion. Motivated hand gestures are permitted but movement is not allowed. Accent falls on originality, creativity and group participation.<br>Participants: 3 – 15<br>Duration: Maximum 10 minutes |
| **DGU4** | **ORIGINAL POETRY**<br>Plain black drama outfit. No props. Barefoot.<br>The participants are given 10 minutes to write their own poem. The topic of the poem will be provided by the adjudicator. The participants may read the poem. Gesture and movement is permitted.<br>Participants: 3 – 15<br>Duration: maximum 5 minutes |
| **DGU5** | **UNPREPARED PUBLIC SPEAKING**<br>Plain black drama outfit. No props. Barefoot.<br>A topic will be given 10 minutes prior to participating.<br>Duration: Gr 1 – 3 1 – 3 minutes<br>Gr 4 – 7 2 – 4 minutes<br>Gr 8 – 12 3 – 5 minutes |
| **DGU6** | **MIME - UNPREPARED**<br>Plain black drama outfit. No props. Barefoot.<br>White face make-up and gloves optional. Drama blocks and chairs may be used. No jewellery. The participants will be judged on the use of space and movement. No speech or props may be used.<br>The group will be given a topic 10 minutes before presentation.<br>Participants: 3 – 15<br>Duration: 2 - 5 minutes |

**IMPORTANT**

- No chewing gum is allowed while performing
- Black drama outfit should be neat and appropriate; high necklines, no visible waistlines and no visible underwear. **No ski pants without skirts.**
- Dramatised work is presented barefoot.
- No photos or videos may be taken.

**To qualify for this award the group must consist of the same participants in ALL items.**
**This award is only for UNPREPARED groups.**

**BEST PERFORMANCE - SMALL GROUPS - ENGLISH**
Gr 1 – 3 Gr 4 - 7 Gr 8 – 9 Gr 10 - 12

1. The group must take part in at least 3 items
2. Only the highest 3 percentages will count
3. An addional point will be awarded for each of **these** items where the group was the item winner

**OVERALL WINNER - SMALL GROUPS - ENGLISH**
Gr 1 – 3 Gr 4 - 7 Gr 8 – 9 Gr 10 - 12

1. The group must take part in at least 3 items
2. All items count on a sliding scale
3. A- 3 points, A 5 points, A+ 8 points, A++ 10 points
4. An addional point will be awarded for each of **these** items where the group was the item winner

The committee reserves the right to change the criteria for group awards.